**DONDERDAG 25 JUNIE**

**SKRIFGEDEELTE: JOËL 2:18–32**
**FOKUSGEDEELTE: JOËL 2:18 (OAV)**

**Joël – God verskoon ons van ons oortredinge**

Ons is verskoon van ons sondes. Wat beteken dit vandag nog vir ons? Lewe ons nog as mense wat verskoon is van sonde, wat skoon gewas is, witter as sneeu?

Die HAT verklaar verskoon soos volg: verontskuldig, ekskuseer: Iemand se slegte gedrag verskoon. Vanuit 1 Samuel 1:3 lees ons ook dat die dood niemand verskoon nie. Tog verskoon die Here die volk hier van hulle oortredinge. Hoe kan die Here hulle net so verskoon van hulle oortredinge? Omdat dit in die Here se raadsplan is dat hulle, deur die bloed van Sy Seun wat gaan loop, van hulle sonde verskoon word.

Dit geld ook vir ons vandag, ons word van ons sonde verskoon omdat ons glo dat Jesus Christus ons enigste Verlosser is en vir ons sondes gesterf het. Deur Christus word ons van ons sondes verskoon. Ons moet egter ook as verskoondes optree.

Hoe tree ons op as verskoondes? En waarom tree ons op as verskoondes? Ons doen dit deur nie gelyk te word aan die wêreld in moeilike omstandighede nie. Wanneer iemand voor ons inry, moet ons nie dadelik op die persoon begin skel en vloek nie, al is dit hoe moeilik. Deur nie sondig te reageer in moeilike omstandighede nie, wys ons dat ons uitverkorenes van die Here is.

Die Here spreek deur mense in hulle optrede. Ander moet God se stem deur ons optrede kan hoor, ons is immers verskoondes, ons staan verontskuldig voor God, waarom sal ons dan nog gelykvormig wil raak aan die wêreld? Ons moet ook in dinge waarmee ons nie saamstem nie, God se lig laat skyn.

Of ons ’n boer, veearts, onderwyser of tandarts is, moet ons in alle omstandighede, maklik of moeilik, optree soos verskoondes en ook opstaan vir wat reg is in die oë van die Here, dan sal dit goed gaan met ons, al gaan dit ook sleg. Ons sal ervaar dat ons nie alleen is in moeilike omstandighede nie.

*Sing: Psalm 32:1-4*
*Teologiese Student Werner Brotherton*